LAERSKOOL HARTENBOS

Prysuitdelingbeleid

1. Doel:

Die doel van hierdie beleid is om alle leerders, ouers en onderwyspersoneel te verwittig van die reëls, regulasies en vereistes wat gepaard gaan met die toekenning van pryse in die vorm van sertifikate en/of trofeë by 'n spoggeleentheid wat die skool aanbied.

2. Wetgewing wat hierdie beleid ondersteun:

Die beleid word ondersteun deur die KABV en die Assesseringsbeleid van Laerskool Hartenbos.

3. Doelwitte van hierdie beleid:

Laerskool Hartenbos wil leerders beloon vir hul pligsgetroue en harde werk. Hierdeur word alle leerders aangemoedig en gemotiveer om deurlopend hul beste te lewer. Uitsonderlike prestasies word ook beloon in die vorm van verskillende trofeë vir spesifieke vakke /prestasies.

4. Algemene beleid rakende die uitgee van akademiese sertifikate en trofeë:

4.1 Die toekenning aan 'n leerder moet aan vasgestelde vereistes voldoen. In Gr.4 tot Gr.6 word al ses vakke gebruik vir die uitwerk van die prestasies en in Graad 7 word al nege vakke gebruik.

4.2 Leerders wat van ander skole af inkom, ontvang ook toekennings, mits daar genoegsame bewyse op die skedule/rapporte is om die gepaste toekenning te maak.

4.3 Hierdie prysuitdeling word gehou na die November-eksamen sodat dit uitgewerk word op die SKEDULE SE FINALE PERCENTAGE, net soos die akademiese balkies.

4.4 Leerders wat trofeë ontvang, ontvang ook 'n klein trofee as aandenking, asook 'n boekprys wat 'n geskenkbewys van Bargain Books is, vir 'n bedrag geld soos bepaal deur die borgskap vir die aand.

4.5 Die Dux-leerder van elke Graad, sowel as pryswenner van die betrokke vak met die hoogste % in die vak, ontvang ook 'n geskenkbewys vanaf Bargain Books, wat dien as 'n Boekprys.

4.6 Pryswenners ontvang vooraf elkeen 'n briefie met inligting rakende tyd, kleredrag, waar hul moet aantree, ensovoorts. Die spoggeleentheid word in formele skooldrag gedoen.

4.7 Geen leerder ontvang hom/haar sertifikaat indien hy/sy nie die aand van die prysuitdeling teenwoordig is nie. Slegs indien vergesel van 'n skriftelike kennisgewing met 'n geldige rede en/of mediese sertifikaat, kan die leerder dan die sertifikaat die volgende dag kry.

4.8 Alle leerders word vooraf geoefen op die verhoog sodat hulle eers hulle toekennings klaar luister voordat hulle dit ontvang en die rye reg afsny om genoeg plek op die verhoog te gee.

4.9 Indien daar groot toekennings, soos vir Veelsydigheid en die Kannetjie Kotzé-wisseltrofeë, toegeken word die betrokke jaar, word die kriteria vooraf aan die betrokke personeel voorgelê en 'n kort vergadering word daaroor gehou sodat almal hul insette kan lewer.

4.10 Die nuwe Skakelraadslede se name vir die volgende jaar, word ook aan die einde van die aand bekendgemaak deur die persoon wat in beheer is van die Skakelraad.

5. Prosedures:

5.1 Die onderskeie klasonderwysers stel die merietelys waarop alle betrokke leerders aangedui word, volgens die vasgestelde kriteria, op. Hierdie lys moet spesifiek aandui watter toekennings die leerder ontvang. Bv. Brons, Silwer of Goud, asook vir watter vak die prestasie behaal is.

5.2 Die lys word alfabeties, volgens die leerder se van opgestel, maar die naam van die leerder word eerste getik vir die lees daarvan op die verhoog.

5.3 Elke onderwyser lees die leerders van sy klas se toekennings, alfabeties volgens die vanne, en die skoolhoof/eregas wat genooi is, oorhandig die prys(e) aan die leerder.

5.4 'n Stylvolle program word afgerol op wit karton met 'n geskikte voorblad, asook die hoofborg van die aand se logo, voorop. Die verloop van die aand se verrigtinge word binne-in aangedui.

5.5 Eregaste word skriftelik deur die skoolhoof uitgenooi. Eregaste bestaan uit die hoofborg vir die aand se verteenwoordiger, OOV-, Beheerliggaamlede, Kringbestuurders, Rozelle Smith, OBOS-kantore en skoolhoofde van omliggende skole.

5.6 Eregaste word ontvang en vergesel na die onthaalarea deur Skakelraad en onderwyser wat verantwoordelik is vir die Skakelraad.

5.7 'n "Slideshow" word tydens die spogaand gespeel terwyl die ouers en gaste inbeweeg, asook agtergrondmusiek. Die "slideshow" bestaan uit algemene aktiwiteite en hoogtepunte van regdeur die jaar. Die Rekenaarsentrum-persoon is in beheer daarvan om dit te maak.

5.8 'n Funksie met 'n vingerete en/of slegs sjerrie saam met OOV, Beheerliggaam, OBOS-gaste en skoolhoofde van onderskeie skole geskied <u>voor</u> die prysuitdeling. Daarna beweeg die eregaste na die saal as 'n groep.

5.9 Die verhoog van die saal, asook die ingang/voorportaal, word verfraai vir die spoggeleentheid.

5.10 Sertifikate word gedruk deur die persoon wat in beheer is van die rekenaarsentrum van Laerskool Hartenbos. 'n Eenvormige sertifikaat met die nuutste Dolfynlogo word regdeur Gr. 4 tot Gr. 7 gebruik.

5.11 Klasonderwysers teken elkeen sy eie naam op sy klas se toekenningssertifikate, sowel as die skoolhoof.

5.12 Volgorde van toekennings: Na die gepaste opening en volkslied, word die verskillende <u>klasse</u> se sertifikate eerste uitgedeel, daarna die <u>trofeë</u> van die akademie en indien nodig, die kultuur- en sporttrofeë as daar nie 'n toekenningsaand daarvoor was nie.

5.13 Dux-leerders met hul boekpryse en klein trofeë volg daarna.

5.14 Indien een leerder baie toekennings ontvang met trofeë en boekpryse, verskyn die leerder nie herhaaldelik op die verhoog vir die pryse afsonderlik nie, maar ontvang alle toekennings gelyk met die eerste toekenning van 'n trofee.

5.15 Bespreekte sitplekke, wat duidelik aangedui is met die persone se naam en van, word op die eregaste, personeel en pryswenners se stoele geplaas.

5.16 Die Skakelraad vergesel die eregaste, saam met die skoolhoof, na hul sitplekke.

5.17 Indien 'n eregas die trofeë vir die aand oorhandig, ontvang hy/sy 'n dankie-geskenk vanaf die skool (ter waarde van R250). Die persoon wat die prysuitdeling organiseer, is verantwoordelik van die aankoop van die geskenk.

5.18 Tafels of die verlengstuk voor die verhoog in skoolsaal word ook verfraai met afskortings vir sertifikate, geskenkbewyse, trofeë, asook klein trofeëtjies vir die leerders om dit neer te sit indien die leerders in die saal sit, andersins vat die leerders dit saam na hul klasse.

5.19 Boekgeskenkbewyse moet betyds vooraf aangekoop word by Bargain Books sodat dit in 'n netjiese koevert geplaas kan word met die toekenning se naam, in sierskrif geskryf/getik voor op die koevert. Die bedrag van elke boekprys word bepaal deur die borgskap van die instansie vir die jaar. Dit word regverdig verdeel onder al die vakke, behalwe die dux-leerders van elke graad wat 'n groter geskenkbewys ontvang.

5.20 Geen afslagbewyse word aan pryswenners gegee nie, net geskenkbewyse soos bv. De Jagers.

5.21 Graad-lysie vir lêer word getik soos voorbeeld, in klasverband, alfabeties volgens vanne, maar tik en lees name eerste. (Sien voorbeeld.)

5.21.1 Die lettergrootte van is 14, in Tahoma-skrif, met soveel as moontlik name op 'n bladsy, word gebruik anders moet daar te veel omgeblaai word. Skryf in die volgorde: Sien voorbeeld.

5.21.2 Die volledige lys, klaar in volgorde soos bo met alles op, word dan na die persoon in beheer van die Rekenaarsentrum gestuur, wat verantwoordelik is om die sertifikate te tik, te druk en te laat teken deur die skoolhoof en betrokke onderwysers. Voorbeeld van lys met almal se volgorde as Goud Eerste, Silwer Tweede en Brons Derde per vak.

5.21.3 Goud-toekennings word almal bymekaar op die lys getik, dan silwer-toekennings bymekaar, dan brons-toekennings en dan kreatiwiteit, veelsydigheid en uitnemende voorbeeld, Media-Monitor, Skolierpatrollie, Skakelraad, Nasorgmonitor, Rekenaarmonitor.

5.21.4 Slegs die Graad se A-onderwyser tik die kriteria bo-aan, die res van die graad tik net hul name om voor te lees. Kriteria verskyn ook op die bord van elke Graad soos wat die toekennings deur die aand gemaak word – Rekenaarsentrum se persoon is hiervoor verantwoordelik.

5.21.5 Eerste persoon van elke Graad lees bogenoemde, asook sy eie kinders se toekennings. Daarna roep sy/hy die volgende onderwyser met sy/haar klas na vore. Dit word onderaan, aan die einde van elke persoon se lys getik, wie vorentoe geroep moet word.

6. **Voorbeeld** van lys soos hieronder:

GRAAD 4: Me. Marinda van der Westhuizen

KRITERIA: BRONS: 75% - 79%

SILWER: 80% - 85%

GOUD: 85% - 100%

Die leerder met die HOOGSTE persentasie in elke vak ontvang ook 'n BOEKPRYS.

Hierdie leerder is alfabeties gerangskik en die onderskeie onderwysers sal dit so aan hul oorhandig. Ons klap hande aan die einde van elke groep leerders!

Graad 4A: Me Marinda van der Westhuizen

Hannah Anderson	Afrikaans - Goud
	Engels – Goud

	Natuurwetenskappe – Silwer
	Sosiale Wetenskappe – Silwer
	EBW – Brons
	Kreatiwiteit
	Uitnemende Voorbeeld
Tristan Atsell	Afrikaans - Goud
	Engels – Goud
	Wiskunde – Silwer
	Sosiale Wetenskappe – Brons
	Uitnemende voorbeeld

7. MEDIAMONITORS/ /REKENAARMONITORS/SKAKELRAAD/SKOLIERPATROLLIE:

7.1 Name word as volg deurgegee met die korrekte spelling. (Word bygeskryf op dieselfde sertifikaat soos wat gebruik word vir vakke). Word geskryf as: **Mediamonitor 2021.**
Persoon in beheer van Skakelraad – Rekenaarmonitors, Skakelraad, Skolierpatrollie.
Persoon in beheer van die biblioteek – Mediamonitors.
Persoon in beheer van Nasorg – Nasorgmonitors.

- ***Moet by klasonderwyser se klaslys van pryswenners bygeskryf word.***

8. KREATIWITEIT:

8.1 Gee asseblief met **baie diskressie** uit sodat daar nie vier of vyf leerders per klas is nie. (Onthou 'n kind wat mooi kan teken is NIE noodwendig kreatief nie!).
8.2 Verkieslik net 4 leerders uit 'n Graad, maar dit kan minder ook wees.
8.3 Maak doodseker dat die leerder die toekenning verdien. (Bewyse??.... indien benodig?).
8.4 Word op dieselfde sertifikaat bygetik wat gebruik word vir vakke by die prysuitdeling.

- ***Moet by klasonderwyser se klaslys van pryswenners bygeskryf word.***

9. UITENEMENDE VOORBEELD:

9.1 Word toegeken aan 'n leerder wat op **ALLE gebiede, binne en buite die skool**, **TE ALLE TYE** 'n navolgingswaardige voorbeeld stel en as rolmodel dien vir die res van die leerders. Kies asseblief ook met groot diskressie die leerders, *veral in die laer grade!*
9.2 Word op dieselfde sertifikaat bygetik wat gebruik word vir die vakke by die prysuitdeling.

- ***Moet by klasonderwyser se klaslys van pryswenners bygeskryf word.***

10. KANNETJIE KOTZé – WISSELTROFEE:

Word toegeken aan 'n Graad 7-leerder. Die volgende bewoording moet gebruik word en **gelees word** saam met die trofee se oorhandiging:

Hierdie spesiale trofee gaan aan 'n leerder wat agter die skerms gewerk het en wat nie in die normale verloop van sy/haar skoolloopbaan noodwendig vereer word nie. Die leerder leef die skool se waardes te alle tye uit, maar is nie noodwendig op die Skakelraad óf ontvang nie noodwendig 'n akademiese prys nie. Hy/sy is altyd bereid om almal te help waar hy/sy kan, sonder dat daarvoor gevra word. Die leerder het 'n omgee-persoonlikheid met die nodige respek teenoor alle personeel, asook mede-leerders. Die leerder is ook betrokke by skoolaktiwiteite, sportgeleenthede en buitemuurse aktiwiteite waarvan hy/sy nie noodwendig 'n deelnemer is nie.
Hierdie leerder lewer 'n uitsonderlike diens aan Laerskool Hartenbos! Naam van hierdie leerder moet 'n Graad 7-leerder wees, soos besluit deur al die Graad 7-onderwysers gesamentlik, asook voorgelê en bespreek aan die res van die personeel voor die prysuitdeling.

- **Word nie by onderwyser se lys geskryf nie, maar word saam met die trofeë oorhandig m.a.w. op die trofeë-lys.**

11. ***BOEKPRYSE/GESKENKBEWYS BY BARGAIN BOOKS EN DE JAGERS GESKENKBEWYSE se bewoording:***
***Word getik en gelees as volg op elke onderwyser se lys*:**

- "Eerste klasposisie, ontvang geskenkbewys van De Jagers."
- "Tweede klasposisie, ontvang geskenkbewys van De Jagers."
- "Derde klasposisie, ontvang geskenkbewys van De Jagers."

Dit word slegs bygelees en daar word nie 'n sertifikaat voor geskryf nie. Die Geskenkbewys word in 'n koevert, met die bewoording voorop in sierskrif, by die kind se sertifikaat gevoeg vanaf die verhoog.

Boekpryse word op lys getik as: Naam en van - Wiskunde Goud + Boekprys

12. Alle groot trofeë moet teruggegee word aan die einde van die aand nadat dit ontvang is en foto's deur ouers geneem is (as hulle wil)! Kleintjies mag deur die leerders gehou word.

13. KRITERIA VIR AKADEMIESE PRYSUITDELING: GRAAD 4 - 7

Word gehou na die November-eksamen sodat dit uitgewerk word op die SKEDULE SE FINALE PERCENTAGE, net soos die akademiese balkies. (Vind Final percentage by: *Comments: Al die vakke van die leerder se finale punte word hier aangedui. Copy net so en werk dan goud, silwer en brons uit volgens Graad se kriteria). Gebruik ook die korrekte benaming van die verskillende vakke soos aangedui.*

13.1 **GRAAD 4: Vakke 75% tot 79%**

Akademiese prestasie	:	Afrikaans	brons
		Engels	brons
		Wiskunde	brons

Natuurwetenskappe	brons
Sosiale Wetenskappe	brons
Lewensvaardighede	brons

Uitstaande akademiese prestasie: 80% tot 84%

Afrikaans	silwer
Engels	silwer
Wiskunde	silwer
Natuurwetenskappe	silwer
Sosiale Wetenskappe	silwer
Lewensvaardighede	silwer

Hoogste % in vakke in Graadgroep: 85% - 100%:

Afrikaans	goud + boekprys
Engels	goud + boekprys
Wiskunde	goud + boekprys
Natuurwetenskappe	goud + boekprys
Sosiale Wetenskappe	goud + boekprys
Lewensvaardighede	goud + boekprys

- ***Dux-leerder Gr. 4, ontvang saam met trofeë 'n boekprys en klein trofeetjie***

13.2 **<u>Graad 5</u>:**

Word gehou <u>na</u> die November-eksamen sodat dit uitgewerk word op die SKEDULE SE FINALE PERCENTAGE, net soos die akademiese balkies. (Vind Final percentage by: *Comments: Al die vakke van die leerder se finale punte word hier aangedui. Copy net so en werk dan goud, silwer en brons uit volgens Graad se kriteria). Gebruik ook die korrekte benaming van die verskillende vakke soos aangedui!*

<u>GRAAD 5</u>: Vakke 75% tot 79%

Akademiese prestasie	:	Afrikaans	brons
		Engels	brons
		Wiskunde	brons
		Natuurwetenskappe	brons
		Sosiale Wetenskappe	brons
		Lewensvaardighede	brons

Uitstaande akademiese prestasie: 80% tot 84%

Afrikaans	silwer
Engels	silwer
Wiskunde	silwer
Natuurwetenskappe	silwer

Sosiale Wetenskappe	silwer
Lewensvaardighede	silwer

Hoogste % in vak in Graadgroep: 85% - 100%:

Afrikaans	goud + boekprys
Engels	goud + boekprys
Wiskunde	goud + boekprys
Natuurwetenskappe	goud + boekprys
Sosiale Wetenskappe	goud + boekprys
Lewensvaardighede	goud + boekprys

- ***Dux-leerder Gr. 5, ontvang saam met trofeë 'n boekprys en klein trofeetjie***

13.3 **<u>Graad 6</u>:**

Word gehou <u>na</u> die November-eksamen sodat dit uitgewerk word op die SKEDULE SE FINALE PERCENTAGE, net soos die akademiese balkies. (Vind Final percentage by: *Comments: Al die vakke van die leerder se finale punte word hier aangedui. Copy net so en werk dan goud, silwer en brons uit volgens Graad se kriteria). Gebruik ook die korrekte benaming van die verskillende vakke soos aangedui!*

<u>GRAAD 6</u>: Vakke 75% tot 79%

Akademiese prestasie	:	Afrikaans	brons
		Engels	brons
		Wiskunde	brons
		Natuurwetenskappe	brons
		Sosiale Wetenskappe	brons
		Lewensvaardighede	brons

Uitstaande akademiese prestasie: 80% tot 84%

Afrikaans	silwer
Engels	silwer
Wiskunde	silwer
Natuurwetenskappe	silwer
Sosiale Wetenskappe	silwer
Lewensvaardighede	silwer

Hoogste % in vak in Graadgroep: 85% - 100%:

Afrikaans	goud + boekprys
Engels	goud + boekprys
Wiskunde	goud + boekprys
Natuurwetenskappe	goud + boekprys
Sosiale Wetenskappe	goud + boekprys
Lewensvaardighede	goud + boekprys

- ***Dux-leerder Gr. 6, ontvang saam met trofeë 'n boekprys en klein trofeetjie***

13.4 **Graad 7:**

Word gehou na die November-eksamen sodat dit uitgewerk word op die SKEDULE SE FINALE PERCENTAGE, net soos die akademiese balkies. (Vind Final percentage by: *Comments: Al die vakke van die leerder se finale punte word hier aangedui. Copy net so en werk dan goud, silwer en brons uit volgens Graad se kriteria). [Graad 7 gebruik die SBA+ Exam -Kolom]. Gebruik ook die korrekte benaming van die verskillende vakke soos aangedui!*

GRAAD 7: Vakke 70% tot 74%:

Akademiese prestasie :	Afrikaans	brons
	Engels	brons
	Wiskunde	brons
	Natuurwetenskappe	brons
	Sosiale Wetenskappe	brons
	Ekonomiese Bestuurswetenskappe	brons
	Tegnologie	brons
	Skeppende Kunste	brons
	Lewensoriëntering	brons

Uitstaande akademiese prestasie: 75% tot 79%:

Afrikaans	silwer
Engels	silwer
Wiskunde	silwer
Natuurwetenskappe	silwer
Sosiale Wetenskappe	silwer
Ekonomiese Bestuurswetenskappe	silwer
Tegnologie	silwer
Skeppende Kunste	silwer
Lewensoriëntering	silwer

Uitstaande akademiese prestasie: 80% - 100%:

Afrikaans	goud
Engels	goud
Wiskunde	goud
Natuurwetenskappe	goud
Sosiale Wetenskappe	goud
Ekonomiese Bestuurswetenskappe	goud
Tegnologie	goud
Skeppende Kunste	goud
Lewensoriëntering	goud

13.5 **Hoogste % in vak in Gr. 7-graadgroep:**

Afrikaans
Engels
Wiskunde
Natuurwetenskappe
Sosiale Wetenskappe
Ekonomiese Bestuurswetenskappe
Tegnologie
Skeppende Kunste
Lewensoriëntering

- ***Akademiese prestasie: Dux-leerder Gr. 7 ontvang boekprys, Trofee + klein trofeetjie***

<u>Lys van trofeë wat by die geleentheid toegeken word:</u>

1. Hoogste % in Afrikaans Eerste Taal Gr. 7 + kleintjie
2. Hoogste % in Engels Eerste Addisionele Taal Gr. 7 + kleintjie
3. Hoogste % in Wiskunde Gr. 7+ kleintjie
4. Hoogste % in Natuurwetenskappe Gr. 7+ kleintjie
5. Hoogste % in Sosiale Wetenskappe Gr. 7 + kleintjie
6. Hoogste % in Ekonomiese Bestuurswetenskappe Gr. 7+ kleintjie
7. Hoogste % in Tegnologie Gr. 7+ kleintjie
8. Hoogste % in Skeppende Kunste Gr. 7+ kleintjie
9. Hoogste % in Lewensoriëntering Gr. 7+ kleintjie
10. Dux-leerder Graad 4 (Trofee) + kleintjie
11. Dux-leerder Graad 5 (Trofee) + kleintjie
12. Dux-leerder Graad 6 (Trofee) + kleintjie
13. Dux-leerder Graad 7(Trofee) + kleintjie
14. Beste Junior Redenaar + kleintjie
15. Beste Senior Redenaar + kleintjie

16. El Shaddai-trofee vir Musiek + kleintjie
17. Trofee vir Leierskap + 2 kleintjies
18 Kultuurtrofee + kleintjie
19. Beste Bybelkennis + kleintjie
20. Beste Algemene Kennis+ kleintjie
21. Kannetjie Kotze Wisseltrofee + kleintjie
GESKENK DEUR DIE MEYER-FAMILIE (Moet elke keer bygelees word vanaf verhoog).
22. Veelsydigheid+ kleintjie

Trofeë vir Sportprysuitdeling:

23. Seuns No. 1 - Tennisspeler+ kleintjie
24. Dogters No. 1 - Tennisspeler+ kleintjie
25. Atleet 2021 + kleintjie
26. Rugbyspeler 2021+ kleintjie
27. Netbalspeelster 2021+ kleintjie
28. Hokkiespeler/ster 2021+ kleintjie
29. Skaakspeler/ster 2021+ kleintjie
30. Krieketspeler 2021+ kleintjie
31. Landloper 2021+ kleintjie
32. Sportseun van die jaar+ kleintjie
33. Sportdogter van die jaar + kleintjie
34. Uitstaande Prestasie op SA-vlak + kleintjie
35. Beste senior Seuns veldatleet + kleintjie
36. Beste senior Dogters veldatleet + kleintjie
37. Beste senior Dogters baanatleet + kleintjie
38. Beste senior Seuns baanatleet + kleintjie
39. Beste dogtersatleet + kleintjie
40. Beste seunsatleet + kleintjie
41. Beste Junior Seunsatleet + kleintjie
42. Beste Junior Dogtersatleet + kleintjie

14. Aankope en bestuur van groot trofeë, asook klein trofeë:

14.1 Die groot trofeë is reeds aangekoop en bly die skool se eiendom. Die persoon wat die prysuitdeling reël, moet kontrole hou na die prysuitdeling om seker te maak dat alle trofeë by die skool bly na die prysuitdeling en die foto's die aand daar geneem is. Die klein trofeëtjies mag saam met die leerders huis toe gaan.

14.2 Die persoon wat die prysuitdeling organiseer, moet betyds die korrekte naam en van van die pryswenners, asook die bewoording vir die klein trofeëtjies, deurgee aan die persoon wat dit maak sodat dit betyds oorhandig kan word op die verhoog, saam met die lys van die trofeë.

Opgestel deur:

Joep Joubert (Departementshoof)

Marinda van der Westhuizen (Onderwyser)

Datum opgestel: 27 Julie 2021

Implementeringsdatum: 1 September 2021

Geteken deur:

.....	.....
VOORSITTER VAN DIE BEHEERLIGGAAM	**DATUM**
.....	.....
SKOOLHOOF	**DATUM**